

OMHEIN JOU BATES

Volg Cashbuild se wenke en rig 'n palissadeheining in 'n japtrap op

Wil jy jou eiendom beveilig en dit terselfdertyd nog beter laat vertoon? Dan is 'n palissadeheining net die ding waarna jy soek. Dit word algemeen gebruik as alternatief vir beton- of baksteenmure en is taamlik maklik om op te rig mits dit op gelyk grond is. 'n Palissadeheining lyk mooi en is veilig. Jou huis word nie daaragter weggesteek of jou uitsig belemmer nie. Daarby hou dit jou troeteldiere binne en ander mense s'n buite.

Die kampvegter vir verbruikers, Cashbuild, sal jou met die minste moeite die taak help afhandel.

BENODIGDHEDE

Graaf, maatband, waterpas, sweismasjien en stawe, beskermende sweisdrag, tou, betonmengsel, spasiërders (hout of metaal), 2,4 m hoë vierkantige buispale en hoekpale (76 x 76 x 1,6 mm), Cashbuild se voorafvervaardigde palissadepanele, ystersaag, metaalplatstawe (opsioneel).

MEET

Meet jou grenslyn – of die deel waar jy die omheining wil oprig – so akkuraat as moontlik. Deel die totale mate deur 3,080 om te bepaal hoeveel palissade-panele jy sal nodig hê (rond dit eerder na bo as na onder af). Bereken hoeveel pale jy sal nodig hê deur 'n plan van die heining te teken en te kyk waar 'n paneel dalk gesny sal moet word om die lengte te dek – jy sal 'n paal aan elke punt van 'n paneel of paneelseksie nodig hê en ook by hekke en op hoeke. Vir kurwes moet jy korter lengtes panele gebruik met twee pale tussenin.

WENK: Die 3,080 m bestaan uit die 3 m van Cashbuild se voorafvervaardigde palissadepanele, 'n vierkantige paal van 76 mm en 'n 2 mm-gaping vir sweis.

GRAWE

Begin by die hek(ke) en grawe vierkantige gate op die grenslyn van sowat 300 x 300 mm en 500 mm diep vir elke paal. Spasieer hulle 3,080 m uitmekaar. Die gate sal heelwat groter wees as die pale sodat daar genoeg ruimte rondom vir die betonmengsel is. As die grond baie sag is, grawe tot jy vaste grond bereik as dit moontlik is en vul dan die gat met beton tot op die vereiste diepte van 500 mm.

KRY HULP

Begin met die pale aan weerskante van 'n deel van die heining. Sorg dat die pale op



die lyn staan waar jy die heining wil hê. Iemand sal jou die pale moet help insit. Skep met 'n graaf 'n bietjie betonmengsel onderin elke gat en sit dan 'n paal daarin.

Kyk met 'n waterpas aan die voor- en sykant van die paal of dit waterpas staan. Sorg dat die paal waterpas bly terwyl jou helper die gat met nog betonmengsel vul.

Wanneer die twee kantpale gelyk is, laat die beton vir sowat twee uur hard word. Span 'n tou tussen die pale sodat dit omtrent in die middel daarvan hang. Sorg dat die tou styf trek, want dit is jou riglyn vir die plasing van die pale tussen die twee kantpale. Plant die res van die pale en maak op dieselfde manier as tevore seker dat hulle waterpas is. Sorg dat die voorkant van elke paal aan die tou raak. Wanneer jy klaar is, kyk weer of elke paal waterpas is voor jy die betonmengsel vir twee dae laat staan om heeltemal droog te word.

Wanneer die betonmengsel droog is, kan jy die panele begin aanheg. Begin met die

eerste paneel. Laat die middel op 'n spasiëerder rus om te keer dat dit sak (of voeg 'n permanente stut by vir steun).

Wanneer die paneel op die regte hoogte is, sweis die tralies aan die pale vas. Dit sal dalk vir jou makliker wees om 'n metaalplatstaaf aan die paal vas te sweis as om die paneel self aan die staaf vas te sweis. Gaan steeds na of die panele reguit en waterpas is.

WENKE:

■ Gapings van tot 2 mm tussen panele en pale kan met sweismateriaal gevul word. Vir groter gapings sal 'n kort stukkie van die platstaaf nodig wees.

■ Bel Cashbuild by 0860-100-582 of gaan na jou naaste Cashbuild-winkel om die beste produk vir jou eiendom te kry. □

Cashbuild
 GEHALTE BOUMATERIAALTEEN DIE LAAGSTE PRYSE
 193 winkels en ons groei steeds dwsaor suidelike Afrika